e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

8 Julie 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 22

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die Wêreldgemeenskap vir Reformatoriese Kerke word gebore!

Meer as 80 miljoen Reformatoriese Christene uit 108 lande oor die wêreld is op Vrydag 18 Junie 2010 saamgebind toe die Wêreldgemeenskap vir Reformatoriese Kerke (WGRK) in Grand Rapids, Michigan, Amerika, formeel gestig is.

Die WGRK het ontstaan toe die Wêreldbond vir Reformatoriese Kerke (WBRK) en die Reformatoriese Ekumeniese Raad (GER) saamgesmelt het. Beide dié organisasies het eers afsonderlik vergader en beide het uiteindelik eenparig besluit om te ontbind en deel te word van die nuwe ekumeniese liggaam. Die Reformatoriese Raad is verteenwoordig deur 79 afgevaardigdes uit 28 van sy lidkerke, terwyl die Wêreldbond vir Reformatoriese Kerke 301 afgevaardigdes uit 132 lidkerke teenwoordig gehad het. Een en sewentig deelnemers aan die stigtingsvergadering is visums deur die Amerikaanse regering geweier. Die vergadering het sy groot ongelukkigheid daaroor teenoor die regering uitgespreek.

Die bepalings vir die samesmelting stel dat die samesmelting gedoen word nie net om die doelstellings waarvoor die afsonderlike organisasies hulle beywer het verder te voer nie, maar ook om te antwoord op die roepstem van God om diensbaar te wees in die kerk en in die wêreld.

Die keuse van *gemeenskap* (*Communion*) om die nuwe liggaam te beskryf, is van groot belang. Richard van Houten, die voormalige sekretaris van die GER, het gesê dat dit 'n geweldige groot stap vorentoe is, omdat *gemeenskap* sê dat die kerke op 'n baie diep vlak saamhoort omdat almal deel is van die groot familie van God. Hy het gesê dat daar, soos in enige familie, meningsverskil oor sake sal wees, maar ook die hoop uitgespreek dat lidkerke hulself sterk daartoe sal verbind om die tema van die vergadering (*Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe* – Efesiërs 4: 3) uit te leef.

Dit was vir Suid-Afrika 'n besondere oomblik toe dr Jerry Pillay van die Verenigende Presbiteriaanse Kerk as eerste moderator van die WGRK en dr Kobus Gerber van die NG Kerk in die uitvoerende bestuur verkies is.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk was lid van GER, maar sy lidmaatskap van die WBRK is gesuspendeer. Die suspensie word gehandhaaf in die nuwe liggaam. Die Nederduitsch Hervormde Kerk sal moet voldoen aan die vereistes wat in 1982 gestel is om lid te word van die WGRK. Hierdie saak sal onder bespreking kom tydens die 69ste Algemene Kerkvergadering (AKV) in Oktober 2010.

Ds Etienne Fourie
Voorsitter: Raad vir Ekumene

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Chantel Francis

Beroep ontvang

- **Ds Chantel Francis** van Onverwacht (benoeming) na Johannesburg (deelsorg)

Beroep bedank

- **Ds Chantel Francis** van Onverwacht (benoeming) na Johannesburg (deelsorg)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds Danie Erasmus

Ds Rudi Schoeman

- **Ds Gert Roos** is steeds ernstig siek en word reeds geruime tyd in die hospitaal behandel. Voorbidding word vir hom en sy vrou gevra in hierdie tyd van beproewing.

- **Ds Danie Erasmus** wat op Heilbron woon en nou 82 jaar is, is in 'n versorgingsoord opgeneem nadat hy baie verswak het. Voorbidding word vir hom en sy vrou gevra.

- **Ds Rudi Schoeman** het op Sondag 4 Julie afskeid geneem van Gemeente Schweizer-Reneke. Hy het die beroep na Theresapark aanvaar en word in Augustus deur sy nuwe gemeente ontvang.

Ds Colin Hertzog

- **Di Colin Hertzog, Werner Olivier en dr Fanie Pretorius** besoek hierdie naweek die lidmate in Harare en Bulawayo. Benewens die erediens, sal die Doop bedien word en 'n kerkraadsvergadering gehou word. Ds Olivier se vrou, René, en hul twee seuns maak die besoek mee.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Saterdag 10 Julie: Dr Daan van Wyk (jr)
  - Sondag 11 Julie: Ds Theuns Botha (Ottosdal)
  - Maandag 12 Julie: Di Anna-Marie Kloppers, Lewis Strauss en prof Jimmie Loader
  - Dinsdag 13 Julie: Ds Jakkie Jacobs
  - Vrydag 16 Julie: Di Ronel Eckard, Jimmy Manders, Jan Rossouw en Piet van Wyk

- **Gemeente Dullstroom** bied vir oorwerkte predikante gratis verblyf vir 'n naweek in die pragtige Dullstroom. In ruil moet hy/sy die Sondagoggend om 10:00 vir die gemeente 'n erediens hou in die historiese ou klipkerkie. Die aanbod sal tussen Julie en Augustus 2010 geldig wees vir enige belangstellende predikante. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** herdenk op **1 Augustus** vanjaar hul **25ste bestaansjaar**. Alle oudlidmate word genooi om te deel in die vreugde, en om hul herinneringe oor die gemeente met die huidige lidmate te deel. Kontak Annatjie

Sandrock by 015 295 5464, 072 356 7189 of **nhk.welgelegen@absamail.co.za** indien u wil saamkuier of om staaltjies/herinneringe oor Welgelegen en sy mense aan te stuur.

- **Gemeente Bloemfontein-Wes** vier vanjaar hul **40ste bestaansjaar** oor die naweke van **13-15 en 20-22 Augustus**. Daar is reeds begin met die samestelling van 'n feesprogram en gedenkalbum. Oudlidmate wat die feesvieringe wil bywoon of dokumente, foto's en staaltjies aan die gemeente wil stuur, kan die skriba, Santie Hamman, kontak by 082 829 7468, of die sekretariële beampte, Willemien Bloem, by 083 658 6753. Stuur enige bydrae per e-pos na **wilred@telkomsa.net** of **ljstrauss@lantic.net**.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Sondag 31 Oktober: Gemeente Kemptonpark-Oos ONBESKAAMD**
  R25 per persoon
  Groepe van 20 of meer, R20 per persoon
  Kontak Anneline by 082 924 7344 om te bespreek

Kampe en toere

- **27 September tot 1 Oktober: Ondersteuningsraadkamp**
  Koste R750 per kind
  Kontak Suzanne van Deventer by **oraad@telkomsa.net**, 012 325 2320 of 071 684 7789 om **'n kind te borg**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Losberg in Fochville: Jagpakket se wenners**
  1ste prys (blouwildebees): Maryna de Villiers
  2de prys (blesbok): Rika McDonald
  3de prys (lam): S Daniëls
  4de prys (vark): Santie Joubert
  5de prys (4 kg biltong): Bets Randall

- **Gemeente Ottosdal: Afrikaanse sangkompetisie Saterdag 31 Julie**
  Aspirantsangers tussen 13 en 23 jaar, wen R3 000, R1 500 of R500
  Sluitingsdatum vir inskrywings **Vrydag 16 Julie**
  Navrae aan Adri Botha by 082 403 5051

- **Gemeente Vanderbijlpark-Suid: Jagpakket sluit 16 Julie**
  Wen wild ter waarde van R6 000 en verblyf
  R50 inskrywingsgeld (inskrywingsvorm by **info@nhksuid.co.za**)
  Kontak Anneline Grey by 016 932 2744 (kantoorure) of **info@nhksuid.co.za**

- **Gemeente Benoryn (Benoni): Wynproe Vrydag 30 Julie 18:30**
  Kom proe wyne van Vredenheim wat gewoonlik net uitgevoer word
  Ontmoet die wynmaker!
  R180 per persoon (sluit proewyne en driegangmaaltyd in)
  Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317

- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie trekking 14 Augustus**
  R50 per kaartjie
  1ste prys: Buffelkoei, 2 blouwildebeeste, koedoe, blesbok, rooibok en akkommodasie vir 10 vir vier dae
  2de prys: Voëljag en akkommodasie vir 10 vir twee dae
  Kontak ds Thys Redelinghuys by **jagkompetisie@gmail.com**, 082 416 7724 of faks 0865 189 110

Bankrekening: Absa Spaar; takkode 632 005; rekeningnommer 924 227 4630

- **Gemeente Bloemfontein: Drienasies in Bloemfontein 4 September (Bokke teen Australië)**
  Teen donasie van R3 000 (waarde van pakket R10 000, insluitend ’n groot fotocollage van die wedstryd en jy en jou vriende op die pawiljoen)
  Wen 10 sitplekke op die hoofpawiljoen in die middel
  Slegs 15 lootjies sal verkoop word!
  Sluitingsdatum 27 Augustus om 09:00
  Gelukkige wenner van die 10 kaartjies sal om 09:30 in kennis gestel word

- **Gemeente Derdepoort: Vleis**
  Wildswors R38 per kg en wildsvleissalami’s R100 elk
  Boerewors, maalvleis en kookvleis ook beskikbaar
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402 om te bestel

- **Gemeente Derdepoort: Sonkrag**
  Vervang geisers met sonkragtoestelle
  Kontak ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

- **Gemeente Derdepoort: Barmhartigheidsprojek**
  Donasies benodig van blikkieskos, niebederfbare kos, klere en breekgoed
  Sal dit kom haal!
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

Basaars en markte

- **Einde Julie: Bulawayo**
  15 gesinne
  Benodig koekmeel, suiker en enigiets wat by ’n basaar verkoop kan word
  Moenie te groot wees om na Zimbabwe te vervoer nie
  Geldelike bydraes ook welkom
  Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 of **fanie@nhk.co.za**

- **Vrydag 30 Julie tot Sondag 1 Augustus: Gemeente Buffelspoort Buffelfees**
  ATKV Buffelspoort (Mooinooi)
  Burger le Roux (wenner Supersterre 2010), Jennifer Zamudio, Guillaume en Staaldraad
  Bergwedloop oor 5, 10 en 15 km
  Kunsmarkstalletjies en baie vermaak
  Kontak ds Neels van Tonder by 072 633 3367 of **nvtonder@vodamail.co.za**

- **Vrydag 30 tot Saterdag 31 Julie: Gemeente Premiermyn Warmwinterfees**
  Zonderwaterweg, Cullinan (R515)
  Smulkos, pretvermaak vir kinders, vlooimark en veiling
  Wen ’n Ford Bantam-bakkie vir slegs R100
  Wenner bekendgemaak op 17 September tydens NHSV se Stomstreke en kuieraand
  Navrae aan Alta by 082 682 1252, Annetjie by 082 921 8200 of Piet by 083 230 1135

- **Saterdag 4 September: Gemeente Welgelegen-Pietersburg basaar**
  Kontak Annatjie Sandrock by **nhk.welgelegen@absamail.co.za** of 015 295 5464

- **Saterdag 11 September: Gemeente Meyerspark Stoepsittersfees**
  Fondsinsameling vir blanke plakkerskampe in Pretoria
  Wen ’n 1.3 Ford Bantam-bakkie vir R250

Kontak Fred Paynter by 083 226 8299 of **mwpaynt@mweb.co.za**, of die skriba, Simon Kotze, by **nhmeyerspark@lantic.net**

ANDER NUUS

- **Mev Cecile Richter (vroeër Naudé)** van die Biblioteek by die Sinodale Kerkkantoor **se man, Albert,** is die middag van Dinsdag 6 Julie oorlede nadat hy lank aan ’n ongeneeslike bloedsiekte gely het. Die roudiens en verassing sal waarskynlik teen die einde van die week plaasvind. Ons innige meegevoel gaan aan Cecile en aan Albert se kinders.

- **Dr Koos Engelbrecht**, bestuurder van die Kerk se **DPS-stelsel**, sê dat die visie wat emerituspredikant **ds Gert van Staden** en sy direksie in 1996/97 gehad het om die kinderhuise met die stelsel van Diakonale Pleegsorghuise te vervang, vandag eers na waarde geskat kan word. Die Staat het intussen wetgewing daargestel om versorgingseenhede genaamd *Cluster Foster Homes*, geskoei op ons DPS-stelsel, in gemeenskapsverband in te stel. In die Kaapprovinsie is reeds sulke huise ingestel.

Mariaan Steenkamp

- **Die Ondersteuningsraad** het vakante poste by Heidelberg, Krugersdorp en Witbank en benodig dringend **Afrikaanssprekende maatskaplike werkers** om die poste te vul. Salaris word bepaal volgens jare werkservaring. Daar is ook ’n vakature vir ’n **programbestuurder** in die Oos-Randstreek (Brakpan, Elsburg, Kemptonpark en Johannesburg). Die vereiste vir dié pos is 6 jaar statutêre ervaring, en persone met bestuurservaring sal voorkeur geniet. Verdere navrae kan gerig word aan mev Mariaan Steenkamp, uitvoerende direkteur van die Ondersteuningsraad, by **mariaans@nhk.co.za**, 012 322 8885 x290 of faks 012 322 5787.

- **Van der Hoff Teologiese Verenig**ing verkoop vanjaar weer dasse om hul fondse te steun en hulp aan studente te verleen. Daar is twee verskillende ontwerpe, en die dasse kos R110 elk. Vir navrae en bestellings, kontak Lisa-Mari Swanepoel by 083 943 4561, of stuur ’n e-pos na **lisamari.swanepoel@gmail.com**.

- **Unisa se Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie** nooi alle predikante en belangstellendes uit na ’n **kongres oor transendensie** van **2 tot 3 September** op Unisa se Sunnyside-kampus. Bekende nasionale sprekers asook prof Toine van den Hoogen van Nederland sal optree. Daar word onder andere gekyk na immanente-transendensie; self-transendensie (prof Cornel du Toit); transendensie en die breinwetenskappe (met die bekende neuroloog dr Etienne van der Walt van Kaapstad); transendensie in die biologie (dr Francois du Rand, UJ); transendensie in die kuns (prof Amanda du Preez, UP); en transendensie in musiek (met die bekende komponis en skrywer Frank Valentine as spreker). Daar word aandag gegee aan transendensie soos dit na vore kom in sekulêre spiritualiteit (prof Julian Müller, UP); transendensie en post-fundamentalisme (prof Hansie Wolmarans, UJ); en transendensie in rituele (dr Elsabé Kloppers). Ander sprekers sluit in prof Klaus Nürnberger, dr Detlev Tönsing (UKZN) en prof Rakgotsoane (Univ van Lesotho). Registrasiegelde beloop R250 en sluit in ’n middagete, tee en verversings, asook die boek wat na die kongres gepubliseer en aan u gepos sal word. Bespreek deur ’n e-pos te stuur na **phukumlm@unisa.ac.za**. Vir enige ander inligting skakel me Nonnie Fouché by 012 429 4470 of me Phukuile by 012 429 4369.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Donderdag 15 Julie: Kommissie van die AKV (buitengewone vergadering); en redaksie van *Die Hervormer*

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente uitgebreide inligting oor ’n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Efese en Korinte

’n Toer na die Bybelse lande het groot waarde en baie perspektiewe word vir die reisiger oopgebreek.

Ds André Ungerer vertel dat een van die hoogtepunte in die onlangse toer wat hy gelei het, ’n besoek aan Efese was waar Paulus vir ongeveer twee jaar sendingwerk gedoen het. Die boonste foto is van die biblioteek in Efese wat een van die grootstes in daardie tyd was met meer as 12 000 boekrolle.

Die onderste foto is van die opgrawings by Korinte in Griekeland. Die oorblyfsels van ’n afgodstempel is te sien met die berg in die agtergrond waarop die tempel vir die liefdesgodin Afrodite was.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx